# Afrikaans Huistaal / Eerste Addisionele taal

# *BEGRIPSTOETS VIR LAERSKOLE*

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION


# Hoekom Begripstoets?

- Die veronderstelling is dat **alle leerders** goed in die begripstoets vraestelle sal vaar
- Dit is egter duidelik dat leerders nie beter vaar in hierdie komponent nie.

***Die vraag is waarom nie?***

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Waar moet ons begin om die probleem aan te spreek?



**Gr 10 - 12**

Assessering en afronding van vaardighede

**Gr 7 - 9**

Gevorderde vaardighede
Vaslegging van kennis

**Gr 4 - 6**

Basiese vaardighede
Bekendstelling aan kennis

**Gr R - 3**

Basiese leesvaardighede

shutterstock.com • 587417843

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Waarom Lees en Kyk?

- Vaardigheid om inligting in te win
- Kyk na en lees van wye verskeidenheid literêre en nieliterêre tekste
- Genre en register:
    - DOEL
    - TEIKENGROEP
    - KONTEKS
- Begrip word bepaal deur die leerder se kennis van taalstrukture en –konvensies en eie lewenservaring




SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

Konkreet → Abstrak

R – 3 Geïntegreerde vaardigehede ook met ander vakke → Gr 4 tot 6 → Gr 7 tot 9

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION




TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

Dink en Redenaar is nie losstaande in hierdie fase nie

# Graad 1- 3 Vaardighede (KABV)

**Dink en Redeneer en Taalstruktuur en -gebruik is in al vier die taalvaardighede (luister, praat, lees en skryfwerk) geïntegreer.**

- Oor die dag te **praat**, die weerkaart te bespreek, leerders wat verjaar geluk te wens en enige spesiale gebeurtenisse vir die dag te bespreek;
- te **luister** na 'n paar leerders se nuus, 'n prent of voorwerp te "wys en vertel",
- te gesels oor die dagboek, sport, konserte, aktuele gebeurtenisse
- stories te vertel.

- **Gedeelde lees** (insluitend gedeelde skryf)
- **Groepbegeleide lees**
- **Lees in pare** / selfstandige lees
- **Klanke** (insluitend fonologiese / fonemiese bewustheid)

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

## Graad 1- 3 Vaardighede (KABV)

**Gedeelde lees** vind twee tot vier dae ’n week plaas aan die hand van vergrote tekste soos:

- Grootboeke,
- plakkate en prente,
- of ’n teks wat op ’n transparant en oorhoofse projektor gewys word,
- individuele fiksie- en niefiksietekste gebruik.
- Slegs een teks per week gebruik word, sal die geselekteerde tekste vir elke graad toeneem in lengte en moeilikheidsgraad namate die jaar vorder en ook oor die grade heen.

**Leerders word bekendgestel aan:**

- ’n reeks stories,
- gediggies,
- rympies en
- toneelstukke
- inligtings- en grafiese tekste.

**Instruksies geïntegreer in Wiskunde**

# Graad 1- 3 Vaardighede (KABV)

- Gedrukte tekskonsepte,
- tekskenmerke,
- klanke,
- taalpatrone,
- woordidentifiseringstrategieë en

Tekskenmerke

**Verskillende soorte tekste**

Woordeskat

Kritiese taalgebruik

# Graad 1- 3 Vaardighede (KABV)

Hoe om die teks te lees en te benader

1. Fokus op genot en 'n eerste "kyk" na die teks. Die leerders toon 'n persoonlike reaksie op die teks.
2. Dieselfde teks word hanteer. Die fokus verskuif na groter leesbetrokkenheid in die besprekings wat plaasvind.

**DOEL**

Hierdie benadering het die volgende ten doel:

- bevorder woordeskat,
- begrip,
- dekoderingsvaardighede en
- teksstrukture (taal, leestekens, ens.).

# Graad 1- 3 Vaardighede

## GROEPSBEGELEIDE LEES

- ’n verskeidenheid woordherkenningsvaardighede (onbekende woorde)
- Dit is belangrik dat die leerders met die onderwyser en met mekaar oor die **teks praat** tydens hierdie benadering.
- Die teks moet met gemak gelees word, maar tog vir die leser uitdagings bied op dekoderings- of begripsvlak. Die leser behoort tussen 90% en 95% van die woorde te herken. Leerders behoort die gegewe teks binne ’n minuut van mekaar klaar te lees.
- Kies ’n toepaslike teks
- Inleiding
- Praat oor die prent of vlugtige lees (Stel vrae oor die inhoud)
- Eerste lees
- Bespreek
- Tweede lees

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Hoe gemaak as jy ’n woord nie ken nie? Vyf-vinger-strategie

Kyk na die woord om enige bekende dele van die woord te herken

Kyk na die prent.

Klank die woord




Vra hulp om die woord te lees of vra die woord se betekenis.

Laat die woord uit en lees tot aan die einde van die sin

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Verskillende tipes vrae wat gebruik kan word in bespreking - TAKSONOMIE

https://www.studocu.com/en/document/north-west-university/afrikaansmetodiek-praktydigheid-vir-afrikaansonderwysers/summari...se-taksonomie-uit-die-kabv/2647091/view




DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# ’n Verskeidenheid Begripsvlakke (KABV)

- Letterlik
- Herorganisasie
- Gevolgtrekking
- Evaluering
- Waardering

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Verskillende tipes vrae wat gebruik kan word

Letterlik

- Identifiseer (bv. Identifiseer die hoofkarakter in die storie.)
- Wys uit (bv. Wys na die motor wat die rower bestuur het.)
- Lees / haal die reël aan wat (bv. Lees die reël wat aandui dat die ouma ongelukkig was.)
- Beskryf (bv. Beskryf die skelm van die storie.)
- Vind (bv. Vind die naam van die boek wat sy gelees het.)
- Wys (bv. Wys my die deel van die storie waarvan jy die meeste gehou het.)
- Stel vas (bv. Stel vas waarheen die familie gery het.)
- Vermeld (bv. Wat is die naam van die hondjie wat weggeraak het?)

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Verskillende tipes vrae wat gebruik kan word

**Herorganiseer**

- Vergelyk ... (bv. Vergelyk die twee susters. Wat is die verskil?)
- Lys ... (bv. Lys die plekke wat die oupa besoek het.)
- Kontrasteer ... (bv. Kontrasteer die ou huis met die nuwe huis.)
- Verdeel ... in ... (bv. Verdeel die verskillende diere in die storie in twee groepe, dié wat vriendelik was teenoor die meisie en dié wat haar wou eet.)
- Klassifiseer ... (bv. Klassifiseer die diere in die storie.)
- Som op ... (bv. Som die storie in vier sinne op.)
- Hoe verskil ... (bv. Hoe verskil die held van die skurk?)

# Verskillende tipes vrae wat gebruik kan word

## Gevolgtrekking

- Verbeel ... (bv. Verbeel jou jy was die held. Wat sou jy gedoen het?)
- Veronderstel ... (bv. Veronderstel die leeutemmer het die hok oopgelaat. Wat sou gebeur het?)
- Kon ... (bv. Kon die man die rivier op enige ander manier oorgesteek het?)
- Gevolge ... (bv. Wat is die gevolge van daardie besluit?)
- Wat sou gebeur het as ... (bv. Wat sou gebeur het as die man die leeu gevang het?)

# Verskillende tipes vrae wat gebruik kan word

Evaluering

- Moes ... (bv. Moes die ouma die storie vertel het?)
- Na jou mening ... (bv. Na jou mening, was die seun reg om so op te tree?)
- Stem jy saam ... (bv. Stem jy saam dat dit die beste was om weg te hardloop?)
- Wat sou jy ... (bv. Wat sou jy gedoen as jy in daardie posisie was?)
- Is dit reg dat ... (bv. Is dit reg dat die oom hom uit die huis gejaag het omdat hy brood gesteel het?)
- Watter beskrywing is die beste ... (bv. Watter beskrywing van die hoofkarakter is die beste?)

# Verskillende tipes vrae wat gebruik kan word

Waardering

- Hou jy van ... (bv. Hou jy van die storie wat ons gelees het?)
- Is dit 'n goeie woord / frase ... (bv. Is dit 'n goeie woord om die skelm te beskryf?)
- Ken jy enigiemand ... (bv. Ken jy enigiemand wat soos sy suster optree?)
- Hoekom het jy daarvan gehou / nie gehou nie ... (bv. Hoekom hou jy nie van die beer nie?)

# Graad 1- 3 Vaardighede

## GROEPSBEGELEIDE LEES

- 'n verskeidenheid woordherkenningsvaardighede (onbekende woorde)
- Dit is belangrik dat die leerders met die onderwyser en met mekaar oor die **teks praat** tydens hierdie benadering.
- Die teks moet met gemak gelees word, maar tog vir die leser uitdagings bied op dekoderings- of begripsvlak. Die leser behoort tussen 90% en 95% van die woorde te herken. Leerders behoort die gegewe teks binne 'n minuut van mekaar klaar te lees.
- Kies ‘n toepaslike teks
- Inleiding
- Praat oor die prent of vlugtige lees (Stel vrae oor die inhoud)
- Eerste lees
- Bespreek
- Tweede lees

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# GROEPSBEGELEIDE LEES - LEESLES

**Kies teks**

- Gegradeerde leesboeke (op 'n laer vlak as die tekste wat vir gedeelde lees gebruik word)
- Lees die teks vooraf
- Bepaal enige eienskappe met betrekking tot struktuur, woordeskat of sinsbou

**Inleiding**

- Stel die soort boek of hoofstuk en onderwerp vir die sessie bekend.
- Onderwerp word met eie lewenservaringe verbind.
- Gefokusde gesprek

**Praat**

- Praat oor die prent of vlugtige lees:
- Praat oor die prente / illustrasies
- Wys belangrike besonderhede uit.
- Stel vrae oor die moontlike verloop van die storie.
- Die teks word vlugtig gelees
- Skenk aandag aan byskrifte, hoofstukke se opskrifte; tekskenmerke (inhoudsopgawe en/of subopskrifte).
- Bespreek nuwe of moeilike woorde

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION




SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

## Graad 4 - 6
## Vaardighede

| |
|---|
| **Dink en Redeneer en Taalstruktuur en -gebruik is in al vier die taalvaardighede (luister, praat, lees en skryfwerk) geïntegreer.** |
| Luister en Praat |
| Lees en Kyk |
| Skryf en aanbied |
| Taalstrukture en -konvensies |

# Graad 4 - 6 Vaardighede – Luister en Praat

Deur effektiewe **luister- en praatstrategieë** kan leerders:

- Inligting insamel en
- sintetiseer,
- kennis opbou,
- probleme oplos,
- idees uitdruk en
- menings uitspreek.

Kritiese **luistervaardighede** stel leerders in staat om:

- waardes en houdings in tekste te herken, en
- manipulerende taal waar te neem en aan te spreek.
- om menings uit te spreek en oor betekenis te onderhandel.

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Graad 4 - 6 Vaardighede – Luister en Praat

Leerders sal voortbou op die **tekstipes** wat in die grondslagfase bekend gestel is

- stories,
- persoonlike vertellings en
- instruksies en
- nuwe tekstipes sal nou voorgestel word:
- feitelike verslae,
- verskillende literêre genres,
- mondelinge verslae en
- kort praatjies.

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

## Graad 4 - 6 Vaardighede – Luister en Pra

- Leerders ontwikkel leesvaardighede
- soek inligting in 'n wye reeks literêre en nieliterêre tekste,
- visuele tekste
- Leerders herken en besef hoe genre en register die doel uitbeeld.
- Deur klaslees en onafhanklike lees word leerders kritiese en kreatiewe denkers.

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Graad 4 - 6 Vaardighede – Luister en Pra

- Gedeelde lees
- Groot boeke
- Metodes soos lees saam met die hele klas, en
- lees vir die hele klas kan ook gebruik word.
- groepsbegeleide lees,
- selfstandig lees en
- lees in pare

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Graad 4 - 6 Vaardighede – Luister en Praat

Stories:

kontemporêre, realistiese fiksie,

tradisionele stories (mites en legendes, volksverhale, fabels),

avontuurverhale,

wetenskapfiksie,

biografieë,

historiese fiksie

Poësie

Inligtingstekste, bv prosedures, feitelike verslae, inligtingsverslae

Sosiale tekste, bv uitnodigings, groetekaartjies, briewe

Mediatekste bv advertensies, koerantberigte, tydskrifartikels,

kennisgewings, pamflette

**Liedjies**

**PODgooie**

**Youtube**

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Bronne vir tekste

Hoë frekwensie woorde







Internet

Bou eie woorde-boek

Maak jou eie

Woord-muur in klas

# Bronne vir tekste

Wat maak ek as:

1. Die teks te lank is?
2. Die teks te moeilik is?
3. As daar ‘n prentjie is waarvan ek hou maar dit is in Engels of ander taal?


Die 10 GROOTSTE foute wat leerders begaan in die beantwoording van Begripstoetse

# Uitleg van die aanbieding

| | | |
|---|---|---|
| Instruksies | Ordentlik deurlees | Tekskenmerke |
| Prosa Teks | Visuele Teks | Leesvaardighede |
| Tipes vrae | Kernbegrip | Kritiese taalgebruik |
| | Woordeskat | |

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Fout 1

# Vaardighede wat in Lees en Kyk getoets word

Leerders lees nie die vraestel deur nie en begin dadelik om vrae te beantwoord

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Vaardighede wat in Lees en Kyk getoets word

Pre-lees → Lees → Post-lees

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

## Pre-lees

Aktiveer bestaande kennis.
Stel vas wie die bron, die skrywer en wat die publikasiedatum is.
Lees die eerste en laaste paragrawe van ‘n afdeling.
Maak voorspellings oor onder andere die inhoud en tema

## Lees

Ruspouses toets begrip
Vergelyk inhoud met afleidings.
Betekenis van onbekende woorde
Woordeboek
Visualiseer
Leerders lees gedeeltes weer oor
Lees dele hardop en stadiger
Vra 'n maat
Leesmerke
Notas van hoofpunte.
Verslag oor wat gelees is.

## Post-lees

Grafiese voorstelling / hoofgedagtes ondersteunende notas
Afleidings.
Opsomming van hoofgedagtes
Dink oor onderwerp en stel  vrae saam en vra vrae om - doel bereik?
Stel vas of teks verstaan.
Evalueer die teks vir vooroordeel of partydigheid,  gehalte

TROTS SUID-AFRIKAANSE O... UNIE
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Instruksies

- Een van die vereiste pre-lees vaardighede is die vermoë om die instruksies van die afdeling te lees en te interpreteer
- Grondslagfase: Hoe goed volg leerders instruksies?
- Intermediêre Fase:

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Instruksies

## Luisterbegrip

## Verskillende vorme van mondelinge kommunikasie:

- Gesprek
- Aanwysings en instruksies
- Storievertelling
- Rolspel
- Groepbespreking
- Kort praatjies
- Kort gedigte en rympies
- Taalspeletjies

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Instruksies

Luisterbegrip

- Vind hoof- en ondersteunende idees deur die maak van notas, kontrolelyste, opsommings, oorvertelling, verduidelikings
- Verduidelik vrae
- Kommunikasie vir sosiale doeleindes
- Die inisiëring en instandhouding van gesprekke
- Beurtnemingskonvensies

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

Fout 2

# Leerders lees nie die leesstuk deur nie

- Leerders se **tydsbeplanning** vir hierdie afdeling is soms problematies en mag een van die oorsake wees waarom die tekste nie deeglik deurgelees word nie.
- Soms is leerders se **selfvertroue** in hierdie komponent nie voldoende nie, wat daarop wys dat leerders moontlik meer begripstoets in laer grade moet beantwoord
- Leerders lees nie die leesstuk ORDENTLIK deur nie
- Leerders maak afleidings oor wat die inhoud is, sonder om seker te weet wat werklik in die leesstuk staan

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Fout 3

# Interpretasie van die GENRE en tekskenmerke

Begripstoets vereis die vermoë om:

- Die **teks** korrek te kan identifiseer

  (Watter tipe teks / genre is hierdie?

  Wat kan ek voorspel rondom hierdie tipe teks?)

- Die teks kognitief te kan klassifiseer

  (Wat kan van hierdie tekstipe verwag word?)

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Interpretasie van die GENRE en tekskenmerke

**GRAAD 4 – 6**

Aanbevole tekstipes

• Stories, byvoorbeeld kontemporêre, realistiese fiksie, tradisionele stories (mites en legendes, volksverhale, fabels), avontuurverhale, wetenskapfiksie, biografieë, historiese fiksie

• Poësie

• Inligtingstekste, byvoorbeeld prosedures, feitelike verslae, inligtingsverslae

• Sosiale tekste, byvoorbeeld uitnodigings, groetekaartjies, briewe

• Mediatekste soos advertensies, koerantberigte, tydskrifartikels, kennisgewings, pamflette

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

Fout 4

# Die Prosa Teks

**Aanbevole tekstipes Graad 4 tot 6**

Stories

- kontemporêre, realistiese fiksie,
- tradisionele stories (mites en legendes, volksverhale, fabels),
- avontuurverhale,
- wetenskapfiksie,
- biografieë,
- historiese fiksie


SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Die Prosa Teks

Uit die ontledings blyk dit dat leerlinge onseker is oor hoe om die prosateks aan te pak:

- ❑ Na watter aspekte behoort daar gekyk te word?
- ❑ Wat word gelees en wat word uitgelaat?
- ❑ Hoe word die 3 leesvaardighede gebruik om ’n aanvanklike oorsig oor die teks te kry voordat vrae beantwoord word?

# Die Prosa Teks




SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Die Prosa Teks

**GRAAD 4 tot 6**

Gebruik pre-lees-, lees- en post-leesstrategieë om die volgende te doen:

- Die teks te verstaan
- Kritiese lees van die teks (leesbegrip) te bevorder
- Selfstandige lees te demonstreer (lees wyd vir die genot, inligting en vir leer)
- Stel leerders bekend aan die volgende:

**Tekskenmerke** – titels, illustrasies, grafieke, kaarte, diagramme, opskrifte, subopskrifte, nommers, onderskrifte, formaat, byvoorbeeld koerantkolomme, ensovoorts.

**Teksstrukture** – lyste, volgorde, beskrywings, prosedures, belangrikste idees en ondersteunende idees, verhalende tekste, volgorde

**Dele van 'n boek** – die titelbladsy, inhoudsopgawe, hoofstukke, glossarium, indeks, ensovoorts.

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Die Prosa teks

In die **pre-lees fase** word die tekskenmerke in die PROSA TEKS geïdentifiseer:

- Titels
- Opskrifte
- Subopskrifte
- Onderskrifte
- Byvoegsels
- Voetnotas

Die intensie is om reeds voorspellings oor die teks te maak

# Die Prosa teks

In die **<u>lees</u>** fase word die verstaan van die PROSA TEKS vasgelê

*(Ongelukkig word hierdie fase nie deeglik hanteer nie)*:

- Aktiewe begrip
- Betekenis van onbekende woorde
- Gebruik kontekstuele leidrade
  - ❑ Skep verbintenisse
  - ❑ Herlees waar nodig
  - ❑ Soek na inligting
  - ❑ Visualiseer
  - ❑ Maak afleidings

# Die prosa teks

In die **post-lees fase** word daar op die teks gereageer:

- Beantwoord vrae
- Vergelyk en kontrasteer
- Evalueer
- Verwoord eie opinie

- Feit / mening
- Direkte / geïmpliseerde betekenis
- Denotasie / konnotasie
- Sosio-politieke en kulturele agtergrond
- Seleksie / weglating
- Verhouding tussen taal en mag
- Manipulering van taal

# Die Prosa Teks

Leerders laat na om ook die **OPSKRIF** van die teks te lees

Verskillende vaardighede is nodig vir verskillende tipes tekste.

1. Die lees van die OPSKRIF
2. Hoe skakel die opskrif met die teks?
3. Wat gebeur in die teks? Skakel dit met wat in die opskrif voorspel is?

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Die Prosa Teks

**<u>Graad 4 tot 6</u>**

Stories en dramas / tonele:

- Verhaallyn
- Karakters
- Ruimte / milieu
- Tyd
- Tema / boodskap
- Teksstruktuur en -formaat
- Belangrikste kenmerke van die teks

KABV bladsy 30 – Opsomming van tekstipes

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Fout 5

# Visuele tekste


Leerders ondervind nie net probleme met die Prosa teks nie, maar ook met die Visuele tekste

Vrae fokus op:

- visuele elemente, soos:
- uitleg,
- ontwerp,
- lyftaal,
- uitbeeldingstegnieke, ensovoorts. (±30)

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Visuele tekste




SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Visuele tekste

**GRAAD 4 tot 6**

Lees- en kykstrategieë:

• Visuele geletterdheid: reklame (plakkate, pamflette, advertensies), spotprente, strokies, diagramme / grafieke / tabelle / kaarte •

Begrip

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Visuele tekste

**GRAAD 4 tot 6**

Visuele geletterdheid •

’n Verskeidenheid grafiese en visuele tekste, soos advertensies, kennisgewings, plakkate, strokiesverhale, spotprente, foto’s, prente

• Oorredingstegnieke: gevoelstaal, partydigheid

• Impak van die gebruik van uitleg en ontwerpkenmerke, byvoorbeeld skriftipes en -groottes, opskrifte, byskrifte en beelde

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Interpretasie Visuele tekste

- Oorredings tegnieke
- Hoe taal en beelde waardes en houdings weerspieël en vorm
- Impak van die gebruik van lettertipe en –grootte, opskrifte en onderskrifte
- Ontleed, interpreteer, evalueer en reageer


# Interpretasie Visuele tekste




Wat is die agtergrond?

# Interpretasie Visuele tekste

[https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/Computer/Afrikaans%20SAL%20P1%20Nov%202011%20KZN.pdf?ver=2011-12-13-125928-000](https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/Computer/Afrikaans%20SAL%20P1%20Nov%202011%20KZN.pdf?ver=2011-12-13-125928-000)





Teks ondersteun die visuele beeld

# Interpretasie Visuele tekste

https://www.litnet.co.za/graad-12-eerste-addisionele-taal-taaloefening-en-antwoorde-gegrond-op-kobus-galloway-se-idiome-illustrasie/

Wat is humor?



# Interpretasie van Visuele Teks

1. Kleur wat gebruik word
2. Grootte
3. Byskrifte
4. Wat sê die karakters?
5. Simbole wat gebruik word
6. Fokus: voorgrond en agtergrond
7. Hoek
8. Toon
9. Gesigsuitdrukkings
10. Konteks


TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE
SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Vergelyking van Teks A en Teks B

- Volgens Barrett se taksonomie is die komponent: evaluering(20%) ’n kern aspek wat in die begripstoets aangespreek moet word.

# Barrett se Taksonomie

https://www.studocu.com/en/document/north-west-university/afrikaansmetodiek-praktydigheid-vir-afrikaansonderwysers/summaries/barrett-se-taksonomie-uit-die-kabv/2647091/view



Fout 6

# Gebrekkige Leesstrategieë

- Die vermoë om verskillende **<u>leesstrategieë</u>** te kan gebruik om die inhoud in die teks te kan ontsluit, word in die vraestel getoets. Dit impliseer dat leerders herhaalde blootstelling aan hierdie strategieë moes gehad het om hulle in staat te stel om die beste vaardigheid toe te pas.

# Gebrekkige Leesvaardighede

## Leesvaardighede

- **Vluglees**: Die teks word vinnig deurgelees word om 'n **ALGEMENE** oorsig van die leesstuk te kry.
- **Soeklees**: Die teks word deursoek om **SPESIFIEKE** inligting te verkry; dus nie woordeliks deurgelees nie maar relevante inligting word in meer detail gelees.
- **Intensiewe (aandagtig) lees**: Die teks word aandagtig deurgelees om te verstaan, maar om **spesifieke** inligting toe te lig
- **Ekstensiewe (uitgebreide) lees**: Die teks word stadig en deeglik deurgelees sodat 'n algemene begrip van die teks  gevorm word.

# Gebrekkige Leesvaardighede

## VLUGLEES: ALGEMENE OORSIG

1. Lees die titel van die teks as daar ŉ titel is
2. Lees die inleiding of die eerste paragraaf van die teks
3. Lees die eerste sin van elke daaropvolgende paragraaf
4. Let op enige prente / grafieke / kaarte
5. Let VERAL op woorde in die teks wat skuins of vet gedruk is in die teks
6. Lees die laaste paragraaf van die teks

https://www.slideshare.net/cleggatt/skimming-and-scanning

# Gebrekkige Leesvaardighede

**SOEKLEES: SPESIFIEKE INLIGTING**

1. Lees eers die vraag deur en vind die KERNWOORD, as daar ’n lyn of paragraaf verwysing, is beweeg direk daarheen
2. In die verwysing, vind die ooreenkomstige KERNWOORD
3. Die lees van die res van die sin behoort toeligting tot die vraag te gee. Soms is dit nodig om ook die sin voor en na die KERNWOORD te lees om die nodige inligting te kry.

# Gebrekkige Leesvaardighede

**INTENSIEWE LEES: ALGEMENE INLIGTING**

1. Nadat die teks met vluglees deurgelees word is dit nodig om deur die teks te lees om die spesifieke inligting wat in die teks bevat word te ontsluit.
2. Met hierdie strategie word die prentjie wat reeds in die eerste lees proses gevorm is, ingekleur met bykomende inligting.
3. Dit is sinvol wanneer daar woorde of konsepte in die teks voorkom wat deur teksanalise ontsluit moet word

Fout 7

# Verskillende TIPES vrae

- Die vermoë om tussen **verskillende tipes vrae**, asook verskillende tipes antwoorde te onderskei.

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
| --- | --- |
| Direkte vrae | Die vraagwoord dui aan watter inhoud verwag word: Wie, Wat, Waar, Wanneer en Hoe? |
| ’n Vraag wat gestel word sodat die leerder sekere gevolgtrekkings moet aflei | Waarom of Hoe? |

Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word)

SAOU

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|
| Vrae wat slegs EENWOORD as antwoord verwag | • Vind die mees gepaste woord om die vraag mee te antwoord<br>• Kyk spesifiek na die lyn of paragraaf verwysing wat gegee word.<br>• Indien daar nie 'n teksverwysing is nie, kyk na die lyn wat in die vraag voor en in die vraag na hierdie vraag gevra is, dit behoort aanduidend te wees. |

Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
| --- | --- |
| Vrae wat meer as een feit as antwoord verwag | • Kyk spesifiek na die lyn of parag… verwysing wat gegee word.<br>• Verwys na die punte toewysing van die vraag om te sien hoeveel feite verwag word |

✓ Wanneer twee of drie feite vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite nagesien.

KOLPUNT:

✓ Sien die eerste antwoorde na.

✓ Indien die vraag, VIER punte tel, en al vier antwoorde word by die eerste kolpunt gegee, word al vier antwoorde aanvaar.

✓ Indien daar in so 'n geval vier kolpunte is, en die eerste kolpunte bevat 'n verkeerde antwoord, kan die antwoorde by die tweede/derde/vierde kolpunt aanvaar word.

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
| --- | --- |
| Vrae waar woord(e) aangehaal moet word. Moontlik losstaande woorde in die teks | • Net die gespesifiseerde aantal woorde moet aangehaal word<br>• Aanhalingstekens is noodsaaklik<br>• Wanneer die vraag spesifiseer dat dit 'n <u>frase</u> moet wees is dit agtereenvolgende woorde, anders kan dit individuele woorde wees<br>• Baie belangrik: as die vraag spesifiseer dat dit uit die teks aangehaal moet word, mag dit nie in EIE WOORDE wees nie. |

✓ Vrae aanhalin[g]… die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|
| Vrae wat aandui dat dit in 'n volsin beantwoord moet word | • Hier kan nie enkelwoorde / frases aangehaal word nie. Die sin moet met 'n hoofletter begin en moet as 'n sin lees<br>• Die punte toewysing is 'n aanduiding van die aantal feite wat gelys moet word, maar steeds in 'n sin geskryf word |

Dit is bela dat die kandidaat hier in eie woorde en in 'n erkende volsin die vraag sal beantwoord. Alhoewel die vraag soms net 1 punt tel word 0 toegeken as daar nie sinskonstruksie is nie

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|
| Waar of Onwaar | Motivering |
| Ja of Nee | Motivering |
| Stem jy saam met die stelling | Motivering |

Vir oop vrae w[illegible] geen punte toegeken vir JA/ NEE/ EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede / motivering word oorweeg, MAAR die Waar ? Onwaar MOEST die vraag voorafgaan

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|
| Meerkeusige vrae | Hierdie vraag tipe het gewoonlik 'n vangplek. Leerders moet versigtig lees en al die moontlike opsies oorweeg voordat die korrekte opsie gekies word |

By die meervoudige keusevrae moet die kandidate vier opsies kry om van te kies. Die opsies moet in woorde ewe lank wees en ook sinvol wees. Die korrekte of verkeerde antwoord moet nie "weggegee" word nie.

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

| TIPE VRAAG | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|
| Haal 'n frase uit die leesstuk aan | • Die hele paragraaf kan nie aangehaal word nie<br>• Aanhalingstekens is baie belangrik<br>• Waar moontlik dui ook die teksverwysing aan |

As 'n enkelwoord aangehaal word, sal die antwoord nie tel nie.

# Fout 8

# Identifisering van die Kerngedagte

- Die vermoë om die kerngedagte te kan identifiseer en met onbekende inhoud om te gaan en daaruit sin te maak, is een van die vaardighede wat in 'n begripstoets getoets word.

# Identifisering van die Kerngedag

- Die kerngedagte van die paragraaf is die primêre konsep wat die outeur aan die leser oor die onderwerp wil deurgee.
- Oorwegend sal die eerste sin van die paragraaf die kerngedagte stel as inleiding tot die res van die inligting in die paragraaf.

https://www.thoughtco.com/how-to-find-the-main-idea-3212047

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Identifisering van die Kerngedagte

Hoe om die kerngedagte van die paragraaf te identifiseer:

1. Wat is die onderwerp van die teks?
2. Som kortliks die paragraaf vir jouself in een sin op
3. Verwys na die eerste en laaste sin van die paragraaf, wees egter versigtig vir woorde soos ***maar, egter, nieteenstaande, in kontras met, hierteenoor,*** wat aanduidings kan wees dat die tweede sin die kerngedagte bevat.

https://www.thoughtco.com/how-to-find-the-main-idea-3212047

# Identifisering van die Kerngedagte

Hoe om die kerngedagte van die paragraaf te identifiseer:

1. Herhalings van dieselfde idee kan soms ’n aanduiding wees dat dit die kerngedagte is.
2. **Wees versigtig wanneer die meervoudige keuse vraag die kerngedagte vra en opsies bied. Lees die gedeelte weer deeglik deur.**

https://www.thoughtco.com/how-to-find-the-main-idea-3212047

Fout 9

# Kritiese Taalbewustheid

- Feit of mening




Jan se tas is swaarder as Thandi s'n

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Kritiese Taalbewustheid

- Feit of mening

# In rook verdwyn



Jabu Dube, Nuusverslaggewer

Inleiding

'n Elektriese fout veroorsaak dat 'n bus aan die brand slaan en in rook opgaan.

Vier dae gelede moes jong passasiers op die Sonvalleibus die bus deur die noodvenster ontruim.

"Ons was gelukkig dat ons ons skooltasse uit die bus kon kry," het 'n verligte Daan Steyn gesê.

Die passasiers was gestrand aangesien die busmaatskappy nie 'n alternatiewe bus kon voorsien nie.

Die busmaatskappy gaan nou al sy busse versien om seker te maak dat die voorval nie weer gebeur nie.

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Kritiese Taalbewustheid

## Feit:

- Iets wat werklik bestaan en wat bewys kan word.
- Kan gekontroleer word
- Kan getoets word deur middel van eksperimente, waarnemings of navorsing.

## Mening:

- iemand se persoonlike siening van 'n saak.
- Aanduiders van 'n mening kan begin met: dink, voel, is oortuig, die meeste mense sê, altyd, almal.
- Kan nie gekontroleer word nie

# Kritiese Taalbewustheid



- Ironie of Sarkasme

Die man wat skaduwee gekoop het

# Kritiese Taalbewustheid

- Ironie of Sarkasme



# Kritiese Taalbewustheid

- Ironie of  Sarkasme




DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Kritiese Taalbewustheid

## Ironie:

- Dit wat gesê word en wat op die oppervlak blyk, is die teenoorgestelde van wat bedoel word.
- Dubbelsinnigheid

## Sarkasme:

- is 'n bytende, fel spottende en dikwels honende uitlating. Dit is altyd persoonlik en is bedoel om seer te maak

http://www.litterm.co.za/index.php/lemmas/25-s/215-sarkasme

# Kritiese Taalbewustheid

- Denotasie of Konnotasie

**Moenie ’n gegewe perd in die bek kyk nie**

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE

SAOU

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Kritiese Taalbewustheid

- Denotasie of Konnotasie




DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Kritiese Taalbewustheid

- Denotasie of Konnotasie




DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Kritiese Taalbewustheid

## Denotasie:

- Denotasie verwys na die letterlike betekenis van 'n woord. Sou jy die woord in die woordeboek opsoek sal jy die betekenis kry

## Konnotasie:

- Betekenis is figuurlik en dui op die emosionele betekenis van die woord


DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Fout 10

# Beperkte woordeskat

**Beeld.com**
6 March 2015 ·

Met 'n beperkte woordeskat, kon sommige matriekleerders byvoorbeeld nie die woord 'steering wheel' of die idioom 'playing on words' herken nie. Leerders kon ook nie die verskil tussen 'relief' en 'relieve' of 'there' en 'they're' identifiseer nie.



NETWERK24.COM

**6 eiers in 'n dosyn? Matrieks trap klei met dié vrae**

Hoeveel eiers is in 'n dosyn? Gr. 12-leerders in verlede jaar se eindeksamen het oor dié vraag gestruikel en heelwat matrieks is onder die…

219 137 comments 127 shares

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Beperkte woordeskat

Beperkte woordeskat is in beide AHT en AEAT problematies

- Woordeboek gebruik in die klaskamer behoort ingeoefen te word
- Spelwoorde in laer grade is belangrik

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Beperkte woordeskat

In die eksamenlokaal is daar egter nie hulpmiddels nie.

Strategieë wat onderrig kan word om ŉ onbekende woord te ontsluit:

1. Die konteks van die woord. Die omliggende woorde / sinne mag moontlik ŉ aanduiding gee
2. Sinonieme of definisies. (Onbekende woorde word soms deur die daaropvolgende verduidelik of ŉ sinoniem vir die woord kan verskaf word)

https://www.cuesta.edu/student/resources/ssc/study_guides/vocabulary/811_vocab_clues.html

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

# Beperkte woordeskat

1. Vervanging (Poog om die sin te herlees en die woord te vervang met ’n woord wat jy ken)
2. Antonieme (Soms kan ’n woord met ’n teenoorgestelde woord vervang word, wat vir jou ’n leidraad kan gee)
3. Woordontleding (Daar mag moontlik dele van die woord wees wat vir jou bekend is)

https://www.cuesta.edu/student/resources/ssc/study_guides/vocabulary/811_vocab_clues.html

# Beperkte woordeskat

Hierdie strategieë moet reeds van Graad 1 onderrig word, al word dit eers in Graad 12 getoets

# Beperkte woordeskat

Daar is geen plaasvervanger vir ervaring nie. Hoe meer leerlinge blootgestel word aan die wyse waarop vrae gevra word, wat gevra word en hoe daarop geantwoord behoort te word, hoe meer selfvertroue sal hulle hê.

TROTS SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS UNIE

BAIE DANKIE!

# #WANTONSGEEOM

SAOU

DIE VERANDERING IN ONDERWYS

THE CHANGE IN EDUCATION